Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.

BELANGRIKE KENNISGEWING

WES-KAAPSE DKES-UITNODIGING VIR AANSOEKE OM JAARFINANSIERINGSPROJEKTE VIR 2021/22

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) nooi geregistreerde kuns- en kultuurorganisasies en -instellings, kunstenaarsgroepe, individue wat betrokke is by artistieke uitdrukkings en kuns- en kultuurgebeurtenismaatskappye om hul aanlyn-aansoeke vir projekfinansiering vir die 2021/22-boekjaar in te dien. Alle aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers en in die Wes-Kaap gebaseer wees.

AANSOEKE WORD INGEWAG VIR BEFONDSING VIR PROJEKTE/PROGRAMME BINNE DIE VOLGENDE BEFONDSINGSKATEGORIEË:

BEFONDSINGSKATEGORIE	PROGRAM/PROJEK	BEFONDSINGSUITSLAG
1. Opvoering en viering	Choreografiese werke, Tegniese opleiding, draaiboekskryf, sirkus, optredes, komedie, towery, mimiek, poppespel, poësie, dramaspeletjies, storievertelling, musiekteater, Musiekonderrig / komposisies / konferensies / verwerkings ens., Feeste insluitend literêre feeste, toerproduksies en uitstallings in Suid-Afrika en in die buiteland	• Blootstelling en talentidentifisering • Vaardigheidsopleiding en kunsonderrig • Werkskepping • Verhoog die deelname van aangewese groepe
2. Visuele Kuns en Kunsvlyt	Beeldende kuns, Handwerkontwerp en -ontwikkeling, Openbare kuns, fotografie, galeryuitstallings	• Toename in nuwe artistieke werk en kreatiwiteit • Werkskepping • Gemeenskapsbetrokkenheid en bewustheid
3. Boeke en Pers	Poësieskryf, skryftoelaes, kreatiewe skryfwerk (outobiografieë, kinderliteratuur, volksverhale, kortverhale, boekebeurs, literêre tydskrifte, uitgewersubsidies vir uitgewers)	• Ontwikkel en moedig nuwe skrywers aan • Bevorder kreatiwiteit • Bewaring en opname
4. Oudiovisueel	Film en video, televisie en radio, klankopnames, speletjies, tekenprente	• Innovering • Produkte wat geproduseer word - positiewe boodskappe oor maatskaplike kwessies • Opvoedkundige waarde
5. Ontwerp en Kreatiewe Dienste	Grafies – animasie en multimedia-ontwerp Modeontwerp	• Oorspronklike werke eie aan die Wes-Kaap • Innovering • Vaardigheidsoordrag
6. Nuwe Werke	Enige dissipline of medium – Weerspieëling van kultuur – en inheemse kuns	• Verhoogde bewustheid en kennis • Inklusiwiteit • Kulturele bewustheid, bevordering en bewaring • Toon waardering en respek vir kulturele uitdrukkings

AANSOEKPROSES

Alle aansoeke en stawende dokumentasie moet aanlyn ingedien word. Die aansoekvorms is slegs aanlyn beskikbaar by www.westerncape.gov.za/cas en navrae rondom die proses kan aan Fareedah Hunter by die volgende e-posadres gerig word: Fareedah.Hunter@westerncape.gov.za

Aansoeke sluit op Vrydag, 12 Maart 2021 om 15:00. Die aanlynstelsel kan nie laat aansoeke ontvang nie.
Neem asseblief kennis:

- Befondsing is beperk. Tydige indiening van ‘n voltooide aanlyn-aansoek waarborg nie befondsing nie.
- Faksaansoeke, aansoeke per hand afgelewer of e-posaansoeke sal nie aanvaar word nie.
- Slegs een aansoek per organisasie/individu/onderneming per kategorie word aanvaar.